

ATKV-betrekkings

ATKV-hoofkantoor

Ledewerwer

Die ATKV is 'n dinamiese en snelgroeïende Afrikaanse kultuurorganisasie en het 'n vakature vir 'n gekwalifiseerde persoon om as ledewerwer by die ATKV-hoofkantoor in Randburg diens te verrig.

Die ATKV volg 'n gelyke-indiensnemingsbeleid.

Vereistes

Die ATKV brei sy werwingspan uit en is op soek na 'n hardwerkende en dinamiese verkoops persoon wat:

- Beskik oor 'n Graad 12-sertifikaat;
- Twee tot drie jaar ondervinding in eksterne verkope het;
- Een tot twee jaar in 'n inbelsentrum gewerk het;
- Die vermoë het om in Afrikaans te kommunikeer;
- Voorheen gewerk het vir 'n salaris gegrond op prestasie; en
- Bekend is met verskeie skakelaars (*dialers*) en diensvlakooreenkomste (SLA).

Vernaamste verantwoordelikhede

- Telebemarking en die werwing van nuwe lede;
- Administrasie en datavaslegging; en
- Verantwoordelik vir die opvolg van navrae en/of klagtes.

As jy graag hierdie pos wil beklee, stuur jou volledige CV na:

ATKV-betrekkings by betrekkings@atkv.org.za

ATKV, Posbus 4586, Randburg, 2125

Sluitingsdatum: **12 Julie 2024**

Gebruik asseblief as verwysing: **HKWERWER03**

Indien jy 4 weke ná die sluitingsdatum nog nie van die ATKV gehoor het nie, was jou aansoek onsuksesvol.



www.atkv.org.za



ATKVSA



ATKV_SA



@ATKVSA



ATKV